Parowvallei-Oos 50 Dae 2015

'n Reeks oor Jesus se Saligsprekinge in Matteus 5

Ons is geneig om die woord "seën" gelyk te stel aan voorspoed. Gewoonlik dink ons dat iemand wat geseënd is geen terugslae beleef nie. In so 'n persoon se lewe is daar dan nie dinge soos teëspoed, oormatige moeilikhede of ernstige siekte nie. In óns woordeboek is iemand wat probleemloos deur die lewe kan gaan, werklik geseënd.

In Jesus se woordeboek lyk "seën" egter heel anders. Vir Jesus lê "geseëndheid" op 'n dieper vlak. In Grieks gebruik Jesus die woord "makarios" wanneer Hy oor "seën" praat. Die beste hoe ons die betekenis van dié woord kan weergee, is dat dit die geluk is wat jy beleef as jy wéét dat jy leef met die vrede dat God met jou lewe tevrede is.

Die wêreld se definisie van geseëndheid is dus 'n oppervlakkige, tydelike geluk wat afhang van eksterne omstandighede. Die seën waarvan Jesus praat is 'n diepgaande geluk geanker in innerlike vrede wat jy in jou verhouding met die Here beleef.

Kom leer van Jesus se "geseëndheid" elke dag vanaf Sondag 2 Augustus tot Sondag 20 September. Die daaglikse leesplan is binne en verdere detail oor die 50 Dae is op die agterkant!

Vir 50 Dae 2015 gebruik ons "<u>Jesus se geheime tot geluk</u> "
boekie @ R20 by kerkkantoor

Datum (en tyd)	**Tema**	**Teks**
Sondag 2 Augustus	Gelukkig in nederige afhanklikheid (Wees afhanklik)	Jes 57:15; Matt 5:3; Jak 4:7 - 10
Maandag 3 Augustus	Nebukadneser - Lippetaal	Daniël 4:13 -18, 28-31
Dinsdag 4 Augustus	Ek dog ek ken Hom	Spreuke 16:18
Woensdag 5 Augustus (18:30 klein saal)	Geestelike hoogmoed Groep 1 (bladsy 8)	Lukas 18:9 -14 Hand 9:1 - 22;
Donderdag 6 Augustus	Egbreker op heter daad betrap	Joh 8:3 - 11, 28 - 31
Vrydag 7 Augustus	Onwaardig	Jeremia 1:4 -19, 15:16
Saterdag 8 Augustus	Aanvaar ten spyte van...	Lukas 7:36-50
Sondag 9 Augustus	Gelukkig as jy treur (Sien die lewe soos dit regtig is)	Jes 61:1 - 2; Matt 5:4; Psalm 51
Maandag 10 Augustus	Om te treur...	Matteus 5:4
Dinsdag 11 Augustus	Stille nag... Onheilige nag...	Matteus 2:18
Woensdag 12 Augustus (18:30 klein saal)	Huil saam met... Groep 2 (bladsy 18)	Romeine 12:15 2 Korintiërs 7:2 - 16
Donderdag 13 Augustus	Treur oor vrot kolle in die kerk...	2 Korintiërs12:11 - 21
Vrydag 14 Augustus	Treur met hoop...	1 Tess 4:13 - 18
Saterdag 15 Augustus	Trane en lag	Psalm 30:6
Sondag 16 Augustus	Gelukkige sagmoediges (Leef met sagte oë)	Ps 37:5 -11; Matt 5:5; Matt 11:28-30; Kol 3:12
Maandag 17 Augustus	Herinner ons	Titus 3:1
Dinsdag 18 Augustus	Wandel met sagmoedigheid	Efesiërs 4: 1 - 2
Woensdag 19 Augustus (18:30 klein saal)	Hanteer ander mense altyd mooi Groep 3 (bladsy 29)	Timoteus 6:11 Matteus 11:28 - 31
Donderdag 20 Augustus	Lewensvreugde	1 Petrus 3:8 -12
Vrydag 21 Augustus	'n Sagte tong	Spreuke 15:1
Saterdag 22 Augustus	Sagmoedigheid en sonde	Johannes 8:1 - 11
Sondag 23 Augustus	Gelukkig! Want jy honger en dors na wat reg is (Volg die sjef se resep)	Miga 6:8; Matteus 5:6; Filippense 3:7 - 11;
Maandag 24 Augustus	7 goed wat God haat (1)	Spreuke 6:16 -19
Dinsdag 25 Augustus	7 goed wat God haat (2)	Spreuke 6:16 -19
Woensdag 26 Augustus (18:30 klein saal)	7 goed wat God haat (3) Groep 4 (bladsy 39)	Spreuke 6:16 -19 Jeremia 7:1 -11
Donderdag 27 Augustus	7 goed wat God haat (4)	Spreuke 6:16 -19

Datum (en tyd)	Tema	Teks
Vrydag 28 Augustus	7 goed wat God haat (5)	Spreuke 6:16 -19
Saterdag 29 Augustus	7 goed wat God haat (6)	Spreuke 6:16 -19
Sondag 30 Augustus **Nagmaal**	Gelukkig in ’n barmhartige leefwyse (Liefde het geen brieke)	Ps 41:2; Matt 5:7; Luk10:30 - 37
Maandag 31 Augustus	God die groot barmhartige	Jeremia 31:18 - 20
Dinsdag 1 September	Geraak deur mense se nood	Matteus 9:35 - 38
Woensdag 2 September (18:30 klein saal)	Om te gee maak gelukkig Groep 5	Handelinge 20:33 - 36 Lukas 6:32-36
Donderdag 3 September	Barmhartigheid kom eerste	Jakobus 2:8 - 9 & 12 - 13
Vrydag 4 September	Vergifnis is deel van die prentjie	Matteus 18:23 - 25
Saterdag 5 September	Die fokus van barmhartigheid sluit almal in	Lukas 6:35-36
Sondag 6 September	Gelukkig met ‘n rein hart (Verander van binne na buite)	Ps 24:3 - 6; 51:12; Matt 5:8; Rom 12:11; 1Joh 3:1 - 3
Maandag 7 September	Om rein van hart te wees	Matteus 5:8
Dinsdag 8 September	Reinig my, o God	Psalm 51:10
Woensdag 9 September (18:30 klein saal)	U is my bergvesting en my heilige plek Groep 6	Psalm24:3 - 4 Jakobus 3:13 -18
Donderdag 10 September	’n Rein hart is ’n hart van integriteit	Nehemia
Vrydag 11 September	Heiligmaking	1 Petrus 1:15 -16
Saterdag 12 September	Hoe gaan dit binne-in jou hart?	1 Samuel 24:1- 8
Sondag 13 September:	Gelukkige vredemakers (Wees ‘n vredemaker)	Ps 23:2; Ps 34:15; Spr 17:1; Matt 5:23 - 24; Kol 3:15
Maandag 14 September	God bewerk vir ons vrede	Eksodus14:14
Dinsdag 15 September	Vredemakers	Matteus 5:9
Woensdag 16 September (18:30 klein saal)	Vrede in ons gesinne Groep 7 (bladsy 67)	Jesaja 54:13 Matteus 5:23 en 24
Donderdag 17 September	Doelbewuste vrede	Matteus 18:21 - 22 & 5:23 - 24
Vrydag 18 September	Vredevolle verhoudings	Prediker 4:9 - 12
Saterdag 19 September	Die vrede wat God alleen gee	Filippense 4:7
Sondag 20 September	Gelukkig om vervolg te word (Die duur prys om God se wil te doen)	1 Konings 19:1 - 18
Maandag 21 September	Vervolg vir die waarheid	Handelinge 7:54 - 60
Dinsdag 22 September	Vervolg uit eie kring	Jer 1:4 & 10; 20:1 - 2 en 38:6
Woensdag 23 September (18:30 klein saal)	Weduwee en korrupte regter Laaste groep (bladsy 75)	Lukas 18:1 - 8 Matt 5:10 - 11 en Jak 1:2 - 4
Donderdag 17 September	Reaksie op vervolging	Handelinge 16:16 - 31
Vrydag 18 September	God se beskerming	Daniël 6
Saterdag 19 September	Onwankelbare geloof	Daniël 3

50 Dae 2015

Jesus se geheime tot geluk

Hoe leer van Jesus se geheime tot geluk? Jy gaan daagliks die geleentheid kry om alleen te kyk daarna in spesifieke verse. Daar is ook Woensdae geleentheid om saam met die groter groep te fokus op Jesus se geheime tot geluk. Vir 7 Sondae sal die preke ook handel oor Jesus se geheime tot geluk.

Die 50 DAE vir 2015 lyk dus so:

1. Vir jou alleen:

Jy kry elke dag 'n gedeelte uit die Bybel om te lees. Dit is jou daaglikse kyk na Jesus se geheime tot geluk. Die tema en teksverse uit "Jesus se geheime tot geluk" word by die elke dag aangedui.

2. Groepsbyeenkomste:

Elke *Woensdagaand* om 18:30 kom ons in die klein saal bymekaar om saam stil te staan as groep. Jy doen self ook jou Woensdag deel en ons as groep doen die groep deel saam.

3. "Jesus se geheime tot geluk" boekie:

Die boekie "Jesus se geheime tot geluk" kan gekoop word by die kerkkantoor teen 'n prys van R20. Dit sal jou daagliks lei op die pad na Jesus se geheime tot geluk. Dit kan en ook vorentoe vir jou 'n nuttige padkaart wees.

Jesus het eendag op 'n berg geklim, sy mense nader geroep en die Goddelike geheime tot geluk met hulle gedeel. Jy kan daardie seën ook beleef. Kom saam! Leer wat dit beteken en leef dit uit. Dit kan jou lewe, en die lewe van baie ander, heeltemal verander!

Jesus se geheime tot geluk